NAMAKWA TOERE & AKKOMMODASIE BK2005/121434/23

H/A NAMAQUA LODGE

Sinoniem met die panoramiese Sederberge, die asemrowende Stadsaalgrotte wat jou op 'n verbeeldingstog neem en jou na 'n ander dimensie weglei, ongerepte Weskus natuurskoonheid, kaleidoskoop van Namakwalandse blommeprag, gasvryheid, weglê-etes en die luuksste busvervoer.

NAMAKWALAND BLOMMETOERE 2019:

Betaal R2000 p/p deposito (binne 14 dae) nadat u bespreking bevestig is,
en balans van toer gelde 30 dae voor toer vertrek.

2019 TARIEWE & DATUMS

4 DAG TOER – SPESIALE TARIEF		
Deel Tarief (per persoon)	R6 900	
Enkel tarief (per persoon)	R8 400	
CPT 1/1	30 Julie – 2 Augustus	Dinsdag - Vrydag
~~CPT 1/6~~	~~17 – 20 September~~ (VOL)	~~Dinsdag - Vrydag~~

4 DAG TOER –		
Deel Tarief (per persoon)	R7 900	
Enkel tarief (per persoon)	R9 500	
CPT 1/3	18 – 21 Augustus	Sondag – Woensdag
CPT 1/5	13 - 16 September **Hierdie toer sal in Engels aangebeid word**	Vrydag - Maandag

5 DAG TOER –		
Deel Tarief (per persoon)	R10 000	
Enkel tarief (per persoon)	R12 000	
CPT 2/2	23 -27 Augustus	Vrydag – Dinsdag
CPT 2/3	4 - 8 September **Hierdie toer sal in Engels aangebeid word**	Woensdag - Sondag

6 DAG TOER –		
Deel Tarief (per persoon)	R11 900	
Enkel tarief (per persoon)	R13 700	
CPT 3/1	12 – 17 Augustus **Hierdie toer sal in Engels aangebeid word**	Maandag – Saterdag
CPT 3/2	28 Augustus – 2 September	Woensdag – Maandag

Dit is belangrik dat u moet weet dat die blommeseisoen in ons reënseisoen is.

Ons behou die reg voor om ons dag tot dag se reisprogram te kan omruil om by die weer aan te pas. Ons behou ook die reg voor om die reisprogram te verander om by die beste blomme wat ons streek kan bied aan te pas.

4 DAG TOERE	5 DAG TOERE	6 DAG TOERE
Ingesluit: 3 Nagte akkommodasie by Namaqua Lodge Geregistreerde toergids Luukse busvervoer Etes soos aangedui	**Ingesluit:** 4 Nagte akkommodasie by Namaqua Lodge Geregistreerde toergids Luukse busvervoer Etes soos aangedui	**Ingesluit:** 5 Nagte akkommodasie by Namaqua Lodge Geregistreerde toergids Luukse busvervoer Etes soos aangedui
Uitgesluit: Toegangsgeld (maksimum van R100 pp per toer), middagete, fooitjies & drankies.		

4 DAG TOER - DAG 1 *Etes ingesluit: Aandete*	5 DAG TOER - DAG 1 *Etes ingesluit: Aandete*	6 DAG TOER - DAG 1 *Etes ingesluit: Aandete*
Ons vertrek vanaf Kaapstad en ry deur Bloubergstrand, verby Melkbosstrand, Atlantis en Mamre oppad na Darling. Vandaar vertrek ons nader aan die kus waar ons by Langebaan verby gaan. Ons sal ook Saldanha se hawe sien - die grootste, diepste en veiligste hawe in Suid-Afrika! Volgende op ons roete is die Weskus se drielingdorpies Velddrif, Port Owen en Laaiplek wat aan die mond van die Bergrivier, die bokkomhoofstad van SA uitmaak. Ons ry ook deur Dwarskersbos, verby Rocherspan en oor die Verlorenvlei voordat ons by Elandsbaai uitkom. Hier word die kreefbakkies met hyskrane van die kaai tot in die baai laat sak. Van hier kies ons koers deur die Sandveld verby Leipoldtville en Graafwater via Clanwilliam na Vanrhynsdorp waar ons elke aand van die toer sal oornag in Namaqua Lodge.	Program soos by 4-dag Namakwalandse blommetoere	Program soos by 4-dag Namakwalandse blommetoere

4 DAG TOER - DAG 2 *Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete*	5 DAG TOER - DAG 2 *Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete*	6 DAG TOER - DAG 2 *Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete*
Vandag is `n lang dag en een van die hoogtepunte op die toer! Ons vertrek vroeg-oggend deur die Knersvlakte waar dit op die oog af lyk of daar niks is nie, maar wanneer ons stop en uitklim is almal verbaas om die verskeidenheid en hoeveelheid dwergvetplantjies te sien wat tussen die wit kwartsklippies groei - sommige plantjies lyk ook net soos die klippies! Ons ry deur die Hardeveld met dorpies soos Nuwerus en Bitterfontein. Voor ons Garies bereik ry ons die Namakwalandse Klipkoppe binne wat strek tot noord van Springbok. Ons sal op hierdie roete `n ou verlate dorpie sien wat moes skuif en die kleinste titelakte in SA. Ons lê besoek af aan die ou koper-myndorpies rondom Springbok - Nababeep, Concordia en Okiep, wat op `n stadium die rykste kopermyn in die wêreld was.	Program soos by 4-dag Namakwalandse blommetoere	Program soos by 4-dag Namakwalandse blommetoere

4 DAG TOER - DAG 3 ***Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete***	**5 DAG TOER - DAG 3** ***Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete***	**6 DAG TOER - DAG 3** ***Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete***
Ons volg vandag `n ander roete deur die Knersvlakte tot teen die Bokkeveldberge waar ons die skouspelagtige Vanrhynspas sal bestyg tot bo op die Bokkeveldplato by Nieuwoudtville - die bolplanthoofstad van die wêreld! Ons sal die dag rondom hierdie pragtige dorpie spandeer en besiens-waardighede soos die kokerboomwoud, Nieuwoudtville-waterval en gletserspore besoek. Ons sal ook besoek aflê aan die NG-kerk, `n pragtige sandsteengebou met `n baie interessante geskiedenis. Hulle glo dat hulle die enigste kerk in die wêreld is wat `n monument vir skuld opgerig het!	Program soos by 4-dag Namakwalandse blommetoer	Program soos by 4-dag Namakwalandse blommetoer

4 DAG TOER - DAG 4 (Laaste dag) ***Etes ingesluit: Ontbyt***	**5 DAG TOER - DAG 4** ***Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete***	**6 DAG TOER - DAG 4** ***Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete***
Die laaste dag van ons toer, maar steeds `n kleurvolle dag propvol opwinding! Ons ry deur die Olifantsriviervallei tot by Clanwilliam waar ons die Pakhuisberge sal binnegaan. Hierdie rotsformasies laat mens net weer besef hoe nietig ons is, en dit lyk dit asof die rotse bo-op mekaar gepak is. Ons lê ook besoek af aan C. Louis Leipoldt se graf in die berge. Op Clanwilliam besoek ons die Ramskop natuurtuin op die oewer van die Clanwilliamdam. Ons ry hierna verder deur die vallei met die Sederberge en Olifantsrivierberge weerskante van die pad tot ons die Piekenierskloofpas oorsteek. Die roete neem ons verder deur die Swartland met sy goudgeel canola- en grasgroen koringlande. Na `n asemrowende dag word `n sielsverrykende toer afgesluit in Kaapstad.	‘n Lekker Weskus ondervinding lê voor vir vandag. Ons ry via Vredendal en Lutzville met al die wingerdlande en groentetonnels, wat die noordelike deel van die Olifantsriviervallei uitmaak. Ons beweeg nader aan die kus en sal sien hoe die Olifantsrivier by Papendorp in die see uitmond. Ons maak `n draai by Standfontein wat een van die gewildste vakansiedorpies langs die Weskus is met sy lang wit uitgestrekte strand. `n Klipgooi suid van Standfontein kry ons die skilderagtige dorpie Doringbaai, `n regte vissersdorpie. Ons volg `n roete verder suid tot by Lambertsbaai van waar ons sal terugkeer na die binneland. Na `n lekker dag langs die Weskus vertrek ons na Clanwilliam, waar ons besoek gaan bring aan Strassbergers velskoen fakbriek waar ons gaan sien hoe outentieke ‘vellies’ gemaak word voordat jy jou eie paar egte Suid-Afrikaanse vellies kan koop.	Program soos by 5-dag Namakwalandse blommetoer

5 DAG TOER - DAG 5 ***Etes ingesluit: Ontbyt***	**6 DAG TOER - DAG 5** ***Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete***
Program soos by 4-dag Namakwalandse blommetoer **(Laaste dag)**	Vandag beloof om `n baie opwindende dag te wees! Ons vertrek na nog `n stewige ontbyt verby Klawer, al langs die Olifantsrivier tot by Clanwilliam. Hier ry ons via die Pakhuispas in die Sederberge in en ry oor die Brandewynrivier tot waar ons by die Engelsman-se-graf (uit die Anglo-Boereoorlog) uitkom. Ons draai weg na die Biedouwvallei, wat bekend is om in `n goeie jaar te spog met die mooiste blomme. Verder ry ons tot by Wupperthal wat as ’n sendingstasie begin is tussen die berge deur JG Leipoldt.

6 DAG TOER - DAG 6 ***Etes ingesluit: Ontbyt***
Program soos by 4-dag Namakwalandse blommetoer **(Laaste dag)**

Hoekom saam met Namakwa Toere gaan toer?

Wie is Namakwa Toere en wat doen ons anders?

- Ons is Namakwalanders en ken ons streek goed.
- Ons is `n familiebesigheid en is reeds sedert 1985 in die toerbedryf.
- Ons toergidse is van die bekwaamste, hulpvaardigste en vriendelikste gidse wat u ooit in Namakwaland sal teëkom.
- Elke toerlid se persoonlike behoeftes vir `n toer word persoonlik deur ons opgeleide personeel hanteer.
- Namaqua Lodge, waar ons toerlede elke aand van die toer tuisgaan, is sentraal geleë, in die hart van Namakwaland. Hiervandaan wa-wiel ons elke dag in `n ander rigting om by die weersomstandighede aan te pas en die beste blomme op die warmste dag te sien.
- Ons hotel, Namaqua Lodge, is bekend vir ons weglê etes en ons naam loop ons vooruit daarvoor, een van Namakwa Toere se sterkste punte.
- Ons hotel se kamers is almal op grondvlak en elke kamer het sy eie privaat badkamer.
- U pak eenkeer uit en pak eenkeer in – ons slaap op een plek vir u gerief.
- Daar is geen gejaagde toerprogram nie! Ons busbestuurders is saam met u met vakansie en nooit onder druk nie. Ons reisprogram is nie beperk tot kilometers nie. Ons ry tot waar die beste blomme is.

Die ekstra myl wat ons stap

- Toerlede wat vroeër of langer in Kaapstad wil vertoef, kan geakkommodeer word. Ons beding jaarliks met sekere hotelle in Kaapstad vir beter tariewe vir ons toerlede.
- Ons help graag met vlug-, trein-, hotel- en vervoer reëlings. Kontak ons gerus vir meer inligting.
- Ons het mense wat deur die loop van ons blomme seisoen uitry om blomme te gaan soek. Ook bou ons verhoudings met boere in en rondom Namakwaland sodat ons gedurig weet hoe die veld verander om te verseker dat ons vir ons toerlede net die beste blomme op enige gegewe tyd gedurende Augustus tot middel September sal wys.
- **PRIVAAT TOERE** en **SPANBOU TOERE** kan gereël word. Enige groepe van 4 of meer kan geakkommodeer word vir `n toer na ons streek.

Onthou dít wanneer jy kom blomme kyk:

- Buiten Namakwaland se 5 streke (Knersvlakte, Hardeveld, Namakwalandse Klipkoppe, Richtersveld en Kusvlakte) is daar nog ander streke wat jaarliks spog met die van die mooiste blomme soos die Weskus, Olifantsrivier-vallei, Swartland, Bokkeveld, Sederberge en Biedouw-vallei!
- Die blomme-streek is baie groot – wees bereid om baie kilometers af te lê!
- Elke streek se blomme is anders en jy sal nooit alle streke terselfdertyd op hul beste kan sien nie, maar van begin Augustus tot middel September sal daar altyd blomme wees – self in die droogste jare.
- Blommeseisoen **IS** reënseisoen. Wanneer dit reën kan jy nie blomme kyk nie!
- Namakwaland en die omliggende streke se blommeprag lê nie net in plate blomme nie – daar groei meer as 3 500 verskillende spesies blomme! Om van hierdie plante beter te leer ken, maak jou besoek soveel meer waardevol.

Hoekom vertrek ons vanaf Kaapstad met ons blommetoere?

Wanneer ons Kaapstad verlaat, ry ons reeds in die blomstreke in. Die Weskus huisves jaarliks van die heel beste blomme en is altyd die moeite werd om te besoek. Indien ons met `n bus vanaf Gauteng vertrek sou dit **twee dae** neem om tot in Namakwaland te kom en weer twee dae om terug te gaan. Dit sal ook beteken dat jy hoofsaaklik in een rigting sal reis en nie elke aand op dieselfde plek kan oorslaap om die toerprogram by die weer aan te pas nie. Ons is sedert 1985 in die toerbedryf en kan met trots sê dat ons die wenresep het wanneer dit by Namakwalandse blommetoere kom!

www.facebook.com/namakwatoere

Ons Facebook blad spreek vanself. Dit is die bewys dat ons vir ons toerlede blomme wys en nie net deur die streek ry nie. Besoek gerus die adres soos hierbo om te sien wat ons toerlede jaarliks ervaar en kyk ook gerus na hoe ons toerlede interaktief reageer. Na elke toer word daardie spesifieke toer se foto's op Facebook gelaai. Net nog `n ekstra gratis diens wat Namakwa Toere aan ons toerlede bied! Blommekykers kom om blomme te sien - ons toerlede sien verseker blomme! Kyk gerus na ons "reviews & recommendations" of Facebook.

Wat gebeur as Namakwa Toere die toer kanselleer?

- ***Namakwa Toere*** onderneem om sover dit moontlik is geen toer te kanselleer nie. Indien dit ooit sou gebeur dat ons 'n toer ***moet*** kanselleer, sal ons u gelde wat u alreeds betaal het, binne 24 uur terugbetaal met 10% rente per jaar.

Hoe bespreek ek 'n toer by Namakwa Toere?

- Wanneer u besluit het om op een van ons toere te bespreek, vul die besprekings vorm in. Epos die vorm dan vir ons kantoor. Die nodige sal dan deur ons gedoen word (hotel- en vlieg besprekings indien u dit so aangedui het). U sal 'n toerverwysings-nommer en Namakwa Toere se bankbesonderhede ontvang. Hierdie toerverwysings-nommer **moet** op u deposito strokie aangetoon word. Hierdie toerverwysingsnommer moet ook op alle korrespondensie gebruik word vir die toer wat u bespreek het.
- Ons verskaf nie bank besonderhede sonder 'n besprekingsvorm nie. Die enigste rede hiervoor is dat toerlede in die verlede gelde inbetaal sonder dat hulle 'n toer verwysingsnommer ontvang het, en dat hulle nie 'n bespreking per epos gedoen het nie. Dit het al gebeur dat voornemende toerlede gelde inbetaal het, maar dat daardie spesifieke toer alreeds vol bespreek was.

Ons begin elke oggend voor ons ry met 'n gebed, en vertrou in die Here vir 'n veilige en sielsverrykende toer.

Dit is noodsaaklik om soveel streke in Namakwaland te besoek as moontlik en genoeg kennis te dra van hierdie interessante streke. Ons is baie bevoorreg om in Namakwaland te woon en van hier ons toere te onderneem. Ons weet presies waar om blomme te gaan kyk in ons streek. Ons bly op hoogte van weerstoestande.

Ons maak seker dat ons vir elke blommekyker net die mooiste blomme en beste besienswaardighede van die streek wys en teen die beste bekostigbare toerprys.

Vriendelike Blomme groete

Namakwa Toere Span
Jenny, Mike Spies & Santa van Huyssteen

Email: info@namakwatoere.com & info@namaqualodge.co.za
www.namaqualodge.co.za & www.namaquatours.com

CELL:+27 (0) 82 654 8877 – JENNY
+27 (0) 89 66 444 – MIKE
+27 (0) 872 9999 - SANTA
+27 (0) 72 218 8728 - MARNÉ

22 VOORTREKKER STRAAT
POSBUS 246
VANRHYNSDORP
TEL:+27 (0) 27 219-1633/+27 (0) 27 219 1377
FAKS: +27 (0) 27 219-1635

Hotel verblyf vir diegene wat voor die toer vertrek of nadat die toer afgehandel is:

2018 Tarief	**City Lodge - Grand West - (3 ***)** ***Toer vertrek 08:00***
Enkel kamer	R1 236
Dubbel/Twin	R1 532
Ontbyt	Volledige ontbyt ingesluit in tarief 06:30 - 09:30
Aandete Middagete	Geen Restaurant Verskeie restaurante by Grand West beskikbaar
Pendel diens	R300 (+R20 p/p ekstra)(2018 tarief)
Parkering	Gratis (lang termyn beskikbaar)
WiFi	15 min gratis - ekstra koopbewys beskikbaar
Ekstra	Sitkamer met kroeg fasiliteit Grand West Casino & Vermaaklikheid - verskeie restaurante/teaters
Web tuiste	https://clhg.com/hotels/125/GrandWest-Hotel
Tel	(021) 535 3611

2018 Tarief	**Hotel Verde Lughawe - (4 ****)** ***Toer vertrek: 08:30***
Enkel kamer	R1 240
Dubbel/Twin	R1 545
Ontbyt	Volledige ontbyt ingesluit in tarief 04:30 - 09:30 - Naweke 04:30 - 10:00
Aandete Middagete	A la carte restaurant - Middagete - 12:30-15:00 Aandete - 18:30-22:30 Kamer bediening - 10:00-22:30
Pendel diens	Gratis vanaf Lughawe
Parkering	Gratis oornag – Nie lang termyn
WiFi	Gratis
Ekstra	Sitkamer met kroeg fasiliteit Gimnasium
Web tuiste	http://www.hotelverde.co.za/
Tel	(021) 380 5500

2018 Tarief	**Road Lodge Lughawe - (1 *)** ***Toer vertrek: 08:45***
Enkel kamer	± R751.44 per kamer (een of twee persone) (Tarief kan verander sonder kennisgewing)
Ontbyt	Kontinentale ontbyt– R90p/p 06:30 - 09:00 07:00 - 10:00 (Naweke)
Aandete Middagete	Geen restaurant Restaurante by lughawe beskikbaar, of skakel Mr Delivery vir wegneem etes
Pendel diens	R40 p/p (2018 tarief)
Parkering	Gratis
WiFi	15 min gratis - ekstra koopbewys beskikbaar
Ekstra	/
Web tuiste	https://clhg.com/hotels/308/Cape-Town-International-Airport
Tel	(021) 934 7303

BESPREKINGSVORM

TOERLID 1:

Van:..... Mnr/Mev/Mej. - Voorletters:.....

Volle naam:..... Noemnaam:.....

ID no.: ..... Tel no.:.....

Posadres: ..... Sel no.:.....

..... Epos:.....

.....

TOERLID 2:

Van:..... Mnr/Mev/Mej. - Voorletters:.....

Volle naam:..... Noemnaam:.....

ID no.: ..... Tel no.:.....

Posadres: ..... Sel no.:.....

..... Epos:.....

.....

Toer datum: ..... Toer Verwysing nr: .....

Akkommodasie gedurende toer: Enkel..... Dubbel..... Deel 2-bed kamer..... 3 Bed kamer.....

- **Moet ons help met vlieg reëlings:** Ja..... Nee.....

Vertrek **vanaf** lughawe:		Datum ***na*** Kaapstad:	
Terug **vlug na** lughawe:		Datum ***vanaf*** Kaapstad	

- **Moet ons help met hotel besprekings:** Ja..... Nee.....

Datum : (**Voor** toer begin) ..... Datum : (**Na** toer eindig) .....

City Lodge - Grand West		Hotel Verde Lughawe	
Road Lodge Airport			

Tipe akkommodasie by hotel bespreking in Kaapstad: Enkel..... Dubbel..... Deel 2 Bed.....

- **Moet ons help met pendel rit reëlings in Kaapstad:** Ja..... Nee.....

Indien u self u vlug bespreking doen - bevestig u vlugte

Datum na Kaapstad		Datum vanaf Kaapstad	
Vlug nr & tyd		Vlug nr & tyd	

Toer opklimpunt:

City Lodge - Grand West	08:00		Hotel Verde Lughawe	08:30	
Road Lodge Airport	08:45		Kaapstad Int. Lughawe*	09:00	

*Lughawe slegs vir persone wat die oggend van toer voor 08:30 land

Handtekening:..... Datum:.....

Naasbestaande:..... Tel no.: .....

Epos na: info@namakwatoere.com